# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 401 · 6 Februarie 2026**














# UIT 'N GRAAD 12 SE OOGPUNT

Dit was 'n sonnige Vrydagmiddag toe ons skool se jaarlikse pretdag uiteindelik aangebreek het. Die sportveld was vol kleurvolle matrieks en onderwysers, harde musiek en leerders wat van opgewondenheid gegons het. Almal het geweet die hoogtepunte van die dag sou die "pie in the face" en "soak a senior" wees.

Vir "pie in the face" het leerders betaal om 'n onderwyser of vriend met 'n roomtert te tref. Die lag was aansteeklik toe mnr. Germishuys met 'n groot glimlag en 'n gesig vol room daar gestaan het. Selfs die strengste onderwysers het saamgespeel, wat die atmosfeer nog ligter gemaak het.

Later het "soak a senior" begin, en dit het vinnig in 'n reuse waterballon-oorlog verander. Seniors het probeer wegduik, maar oral het ballonne gebars en water het gespat. `n Geskreeu, lag en nat klere was oral te sien.

Teen die einde van die dag was almal moeg, nat en gelukkig. Die pretdag het nie net vir vermaak gesorg nie, maar het ook herinneringe geskep wat ons nog lank sal onthou.



-Jenske van der Merwe







# VALENTYNSDAG *Verkope*

*Van jou hart tot hul hand.*

## POUSES IN KULTUURSAAL

***9 - 13 FEBRUARIE***




Rooi roos R20 elk



Posduifbriefie R5



Koekie / Brownie R10




Serenade R25

**R5 CIVVIEDAG DONDERDAG 12 FEB**

**MB-FONDSINSAMELING**

XOXO


Valentynssokkie
12 FEBRUARIE
ADMIT ONE
№ 2737
Slegs R40 per kaartjie
vanaf 2 Februarie
Semi-formeel
Plek: Saal
Tyd: 18:00-21:30


Met ń goeie doel
PAASEIER PROJEK
BRING SOVEEL PAASEIERS AS WAT JY KAN !
Vanaf 9 Feb tot einde Maart
Handig in by jou voogklas
MB's sal dit aan die einde van elke week kom haal !
VOOGKLAS MET DIE MEESTE PAASEIERS WEN Ń PRYS

# ONS PERSONEEL VERJAAR FEBRUARIE



11
Stephen Harris
(busse)



18
Antonie Alberts



13
Douglas Mkosana



20
Stephanie van Eyk



15
Shanleigh Havenga



26
Johan Meyer
(sport)



17
Tiana van Rensburg



28
Ronel Hamilton

Baie geluk!

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

# Weeklikse Beplanning

## Saterdag

7 Februarie

**KRIEKET SEUNS:**
1ste +0/15A vs Nico Malan (w)
2des+0/14A vs Nico Malan (t)
**ATLETIEK:**
PE Hoërskole (NMU)
Attie van Wyk Laerskole Atletiek (t)
**NETBAL:**
Hoërskole kursus
**SWEM:**
B-liga Newton Park
**GHOLF:**
Katberg (w)
**KULTUUR:**
FANTASIA Kamp (Framesby)
**TWEEKAMP:**
Inter-Provinsiaal (Oudtshoorn)

## Sondag

8 Februarie

**GHOLF:**
Katberg (w)
Vertrek terug na PE

## Maandag

9 Februarie

Dag 3
DH: LOF
**SAAL**: Juniors
**AKADEMIE:**
Gr. 10-12 Wisk (45min)
Gr. 10-12 WG (45min)
**KRIEKET SEUNS:**
0/14A Liga vs Westering (w)
0/14B Liga vs Grey (w)
**GHOLF:**
Liga
**MNR/MEJ FRAMESBY:**
15:00-20:00
Kleedrepetisie
**KULTUUR:**
ATKV-redenaars Inskrywings sluit
**ATLETIEK:**
18:00 Verkiesing van atletiekspan vir interhoër

## Dinsdag

10 Februarie

Dag 4
**TENNIS:**
Dogtersliga
**MNR/MEJ FRAMESBY:**
19:00 Gala-Aand
**LANDLOOP:**
14:30 Gr. 8 Uitdunne
**KRIEKET:**
17:30 – 18:30 Seuns
0/15A+0/19A Dogters
0/19A
"Capping" [Die Kosblik]

## Woensdag

11 Februarie

Dag 5
**KRIEKET SEUNS:**
06:00 Vertrek
1ste+0/15A vs HS Punt (w)
0/15B Liga vs Grey (t)
**KRIEKET DOGTERS:**
06:00 Vertrek
1ste vs HS Punt (w)
(PA: DEV/MEY/EYK)
**ATLETIEK:**
Vertrek 20:00 na Curro byeenkoms in Pretoria (Pilditch)

## Donderdag

12 Februarie

Dag 6
**KRIEKET SEUNS:**
1ste+0/15A vs Oakdale (w)
**KRIEKET DOGTERS:**
1ste Reddam House Fees (w)
(PA: DEV/MEY/EYK)
**TENNIS:**
Seunsliga
**MONITORBESTUUR:**
Civvie-dag
18:00-21:30
Valentynssokkie (Saal)
**ATLETIEK:**
Curro byeenkoms in Pretoria (Pilditch) - Rusdag

## Vrydag

13 Februarie

Dag 7
**KRIEKET SEUNS:**
1ste+0/15A vs DF Malan (w)
**KRIEKET DOGTERS:**
1ste Reddam House Fees (w)
(PA: DEV/MEY/EYK)
**TENNIS:**
Dogters vs DSG (w)
(PA: SAM)
**KULTUUR:**
CSV Kamp (Boknes)
**LANDSDIENS**
Leiersberaad
Debat Inskrywings sluit
**ATLETIEK:**
Curro byeenkoms Pretoria (Pilditch)

**MONITORBESTUUR**:
Valentynsverkope


Framesby
Opedag
2026
24 Februarie 2026
Leerders: 15:00
Ouers: 18:00

Weeklikse Terugflitse

## ’N WEEK IN HOËRSKOOL FRAMESBY

# DEUR ’N JUFFROU SE OË

As ek eerlik is, voel dit of ons skaars die sand uit ons skoene van die Desembervakansie geklop het toe Hoërskool Framesby reeds volstoom begin het. Die klok lui, die gange gons, en die jaar is nie net aan die gang nie – dit hardloop. Party oggende wonder ’n mens of daar ooit regtig vakansie was, of dalk net ’n vinnige asemteug tussen twee lesse.

Teen 2 Februarie het die realiteit behoorlik ingeskop: toetse. Boeke is oopgeslaan, opsommings is haastig voltooi en die bekende “Juffrou, tel dit vir punte?” weerklink reeds in die klas. Leerders probeer hul ritme vind, terwyl ons as onderwysers probeer om almal gelyktydig aan te moedig, te lei en soms net te herinner om asseblief hul name op hul antwoordstelle te skryf. Tog is daar iets besonders aan hierdie tyd van die jaar – die fokus, die nuwe doelwitte en die stille trots wanneer ’n leerder besef: Ek kan dit doen. Buite die klaskamer is Framesby net so lewendig. Ons krieketspanne presteer uitstekend, en dit is ’n voorreg om te sien hoe harde werk op die veld vrugte afwerp. Elke wedstryd bring nie net tellings nie, maar ook spanbou, dissipline en skooltrots. Daar is min dinge wat ’n Vrydagmiddag so lekker afsluit soos die geluid van ’n krieketbal en die gejuig van ondersteuners langs die veld.

Die tennisbane is ook nie stil nie. Op 31 Januarie het die ouer-kind-pretdag vir tennis plaasgevind – ’n dag vol lag, vriendelike kompetisie en herinneringe wat lank sal bly. Dit is verblydend om te sien hoe ouers en kinders saam speel, mekaar aanmoedig en soms mekaar se foute met ’n glimlag vergewe. Dit is oomblikke soos dié wat ’n skool meer maak as net ’n plek van leer.

Intussen is daar ook groot opwinding rondom Mnr en Mej Framesby. Die deelnemers oefen hard, en die toewyding is duidelik sigbaar. Agter die skerms word gedans, geoefen, weer probeer en soms net diep asemgehaal. Die geleentheid vind op 10 Februarie plaas, en ’n mens kan reeds voel hoe die spanning en afwagting in die lug hang.

Asof dit nie genoeg is nie, loer Valentynsdag reeds om die draai. Die MB se Valentynsdag-verkope begin volgende week, en die skool is gevul met fluisteringe, glimlagte en geheime planne. Sjokolade, kaartjies en klein gebare van vriendskap en omgee herinner ons daaraan dat skool ook oor verbintenisse gaan.

So verloop ’n week in Hoërskool Framesby – vinnig, vol en soms effens oorweldigend, maar altyd betekenisvol. As juffrou sien ek moeë gesigte, maar ook vonkelende oë. Ek sien groei, deursettingsvermoë en ’n skool wat gons van lewe. En al voel dit soms of ons nie vakansie gehad het nie, weet ek een ding seker: ek sal dit vir niks verruil nie.

# ATLETIEK

## Sone-atletiek 29 Januarie 2026

Tydens die Sone-atletiekbyeenkoms wat op 29 Januarie 2026 te Westbourne Oval plaasgevind het, het 152 Framesby-atlete deelgeneem.

Ons 152 atlete het gesamentlik 183 top 3-plekke verower. Uit die 152 atlete dring 133 deur na die PE Hoërskole-byeenkoms, wat op 6 en 7 Februarie 2026 te NMU-stadion plaasvind.

Die program van die PE Hoërskole-byeenkoms, finale inskrywings van items asook reëlings van bussies sal op die atletiekgroep gedeel word. Atlete wat nog nie op die atletiekgroep is nie, word aangemoedig om seker te maak dat hul die QR-kode in Die Kosblik asook buite die sportkantoor, skandeer om op die groep te kom. As `n atleet nie toegang tot Whatsapp het nie, kan hulle mnr. De Lange by die sportkantoor kom sien.








# TENNISUITSLAE

Uitslae: Seunstennis

1ste span speel teen Grey en verloor 3-1

2de span speel teen Harvest en wen 4-0

4de span speel teen Bergsig en speel gelykop 2-2



# KRIEKETUITSLAE

Framesby o.14A teen Victoria Park o.14A @ Framesby
26 Januarie

20 boulbeurte

Victoria Park het die loot gewen en kies om eerste te kolf.

Victoria Park teken 140/2 in 13.1 boulbeurte aan.

Beste bouler:
* Cilliërs Jooste neem 1 paaltjie vir 17 lopies.

Framesby teken 108/9 in 20 boulbeurte aan.

Beste kolwers:
* Micheal van Zyl teken 30 nie uit nie van 27 balle aan.
* Schalk Kemp teken 15 lopies van 11 balle aan.
* Janu Nel teken 13 van 24 balle aan.

Victoria Park wen met 32 lopies.

Framesby o.14B teen Grey o.14B @ Framesby
26 Januarie 2026
15 boulbeurte

Grey het die loot gewen en kies om eerste te kolf.

Grey teken 119/9 in 15 boulbeurte aan.

Beste boulers:
* Damon Kinghorn vat 3 paaltjies vir 14 lopies in 2 boulbeurte.
* Marinus van der Merwe vat 3 paaltjies vir 20 lopies in 3 boulbeurte.

Framesby teken 29/10 uit in 6 boulbeurte aan.

Beste kolwer:
* Ludik Odendaal teken 5 lopies van 5 balle aan.

Grey wen met 90 lopies.

# KRIEKETUITSLAE

Framesby o.15B teen Grey o.15C @ Grey
28 Januarie 2026
20 boulbeurte

Framesby wen loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 134/4 in 20 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
- Evan Greeff 37 lopies nie uit nie van 13 balle.
- Ethan Els 21 lopies van 28 balle.

Grey teken 125/7 in 20 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
• David van der Merwe vat 2 paaltjies vir 18 lopies in 4 boulbeurte.
• Logan Steynberg vat 1 paaltjie vir 20 lopies in 4 boulbeurte.

Framesby o.15B wen met 9 lopies.

Framesby 1ste teen Kingswood 1ste @ Kingswood
30 Januarie 2026
20 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te boul.

Kingswood teken 160/6 in 20 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Corné Pieterse vat 3 paaltjies vir 29 lopies.
* Nicholas Joubert vat 1 paaltjie vir 21 lopies.
* Corbin Fleetwood vat 1 paaltjie vir 23 lopies.

Framesby teken 77/10 in 17 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Miles Feltham teken 18 lopies van 22 balle aan.
* Corbin Fleetwood teken 12 lopies van 14 balle aan.
* Nicholas Joubert teken 11 lopies van 6 balle aan.

Kingswood wen met 83 lopies.

# KRIEKETUITSLAE

Framesby o.15A teen Kingswood o.15A @ Kingswood
30 Januarie
20 Boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 124/10 in 19.2 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Karlu Oosthuizen 49 lopies nie uit nie van 40 balle.
* Dylan Webber 18 lopies van 18 balle.

Kingswood teken 65/10 in 18.3 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Matthew Struwig vat 3 paaltjies vir 8 lopies in 4 boulbeurte.
* Jade Hammond vat 2 paaltjies vir 11 lopies in 4 boulbeurte.

Framesby wen met 59 lopies

Framesby 1ste teen Kingswood 1ste @ Kingswood
31 Januarie 2026
50 boulbeurte

Kingswood wen die loot en kies om eerste te kolf.

Kingswood teken 192/10 in 42.1 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Corné Pieterse vat 3 paaltjies vir 32 lopies.
* Dandré Henwick vat 2 paaltjies vir 20 lopies.
* Durandt Rootman vat 2 paaltjies vir 38 lopies.

Framesby teken 165/10 in 45 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Durandt Rootman teken 54 lopies van 107 balle aan.
* Miles Feltham teken 24 lopies van 47 balle aan.
* Keagan Wium teken 18 lopies nie uit nie van 19 balle aan.

Kingswood wen met 27 lopies.

# KRIEKETUITSLAE

Framesby o.15A teen Kingswood o.15A @ Kingswood
30 Januarie
20 Boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 124/10 in 19.2 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Karlu Oosthuizen 49 lopies nie uit nie van 40 balle.
* Dylan Webber 18 lopies van 18 balle.

Kingswood teken 65/10 in 18.3 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Matthew Struwig vat 3 paaltjies vir 8 lopies in 4 boulbeurte.
* Jade Hammond vat 2 paaltjies vir 11 lopies in 4 boulbeurte.

Framesby wen met 59 lopies

Framesby 1ste teen Kingswood 1ste @ Kingswood
31 Januarie 2026
50 boulbeurte

Kingswood wen die loot en kies om eerste te kolf.

Kingswood teken 192/10 in 42.1 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Corné Pieterse vat 3 paaltjies vir 32 lopies.
* Dandré Henwick vat 2 paaltjies vir 20 lopies.
* Durandt Rootman vat 2 paaltjies vir 38 lopies.

Framesby teken 165/10 in 45 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Durandt Rootman teken 54 lopies van 107 balle aan.
* Miles Feltham teken 24 lopies van 47 balle aan.
* Keagan Wium teken 18 lopies nie uit nie van 19 balle aan.

Kingswood wen met 27 lopies.

# KRIEKETUITSLAE

Framesby 2des teen Kingswood 2des @ Framesby
31 Januarie 2026
50 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 125/10 in 24.1 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Migael van Rooyen 49 van 58 balle.
* Luan Claassen 18 van 17 balle.
* Malan Jonker 16 van 25 balle.

Kingswood teken 129/8 in 28.3 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Aryn van Rensburg vat 3 paaltjies vir 37 lopies.
* Le Roux Benn vat 3 paaltjies vir 39 lopies.
* Malan Jonker vat 1 paaltjie vir 10 lopies.

Kingswood wen met 2 paaltjies.

Framesby o.15A teen Kingswood o.15A @ Kingswood
31 Januarie 2026
50 boulbeurte

Kingswood wen die loot en kies om eerste te kolf.

Kingswood teken 117/10 in 39.1 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Kian Marais vat 3 paaltjies vir 23 lopies in 9 boulbeurte.
* Monré Beer vat 3 paaltjies vir 25 lopies in 9 boulbeurte

Framesby teken 118/2 in 23.2 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Matthew Struwig 36 lopies van 54 balle.
* Kian Marais 35 lopies nie uit nie van 65 balle.

Framesby wen met 8 paaltjies.

# KRIEKETUITSLAE

Framesby o.14A teen Kingswood o.14A @ Framesby
31 Januarie 2026
50 boulbeurte

Kingswood wen die loot en kies om eerste te boul.

Framesby teken 130/10 in 27 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Micheal van Zyl 34 lopies van 47 balle.
* Wian Bendor 27 lopies van 43 balle.

Kingswood teken 131/9 in 26.5 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Cilliers Jooste vat 4 paaltjies vir 33 lopies in 10 beurte.

Kingswood wen met 1 paaltjie.



# DOGTERSKRIEKETUITSLAE

Framesby 1ste Dogters vs VP 1ste Dogters @Framesby
29 Januarie 2026
20 Boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te boul.

Victoria Park teken 58/10 aan.

Beste boulers:

- Lisa-Mari Kemp neem 4 paaltjies vir 8 lopies van 3 boulbeurte.
- Danika Marais neem 2 paaltjies vir 6 lopies van 3.3 boulbeurte en 2 uitgevang.
- Peyton Nortje neem 2 paaltjies vir 3 lopies van 3 boulbeurte.
- Carli Nel neem 2 paaltjies vir 10 lopies van 2 boulbeurte.

Framesby behaal 62/2 in 7.3 boulbeute.

Beste Kolwers:

- Danika Marais teken 27 lopies nie uit nie van 14 balle aan.
- Nikita Seaman teken 11 lopies nie uit nie van 22 balle aan.

Framesby wen met 8 paaltjies.





# KRIEKETNUUS

Baie geluk aan:
Durandt Rootman
Miles Feltham
Renquin Goliath
wat hierdie week hulle 50ste wedstryd vir die skool gespeel het.



# SWEMNUUS

Baie geluk aan André Strydom, wat gekies is om vanaf 21 Maart 2026 aan die South African Nationals for Juniors-swemgala in Port Elizabeth deel te neem. Dít is 'n swemprestasie op die hoogste vlak. Framesby is baie trots op jou! Sterkte met die voorbereiding vir hierdie groot geleentheid.

André Strydom en Mia Strydom is opgeneem in die Oos-Kaapse Opewater-swemspan, wat tussen 6 – 8 Maart by die SA Nasionale Opewater-kampioenskappe te Marina Martinique in Jeffreysbaai deelneem.
Baie geluk aan beide swemmers.





# BUITESPORTUITSLAE
## Perdry



Die Western Mounted Games Qualifiers het tydens die afgelope naweek van 24 en 25 Januarie 2026 plaasgevind.
Die leerders wat deelgeneem en die skool met trots verteenwoordig het, is:

Kristi Ferreira (Graad 10)
Chanel Haasbroek (Graad 10)
Franco Haasbroek (Graad 11)
Kiara Hough (Graad 12)



Hul uitslae vir die naweek is as volg:
Saterdag, 24 Januarie (Q1)
Kristi Ferreira: 1ste plek in Vlak 0 behaal
Chanel Haasbroek: 3de plek in Vlak 2 behaal
Franco Haasbroek: vorder van Vlak 0 na Vlak 2 behaal en 'n 2de plek in Vlak 2
Kiara Hough: 4de plek in Vlak 3 behaal



Sondag, 25 Januarie (Q2)
Kristi Ferreira: 1ste plek in Vlak 0 behaal
Chanel Haasbroek: 3de plek in Vlak 2 behaal
Franco Haasbroek: 4de plek in Vlak 2 behaal
Kiara Hough: 4de plek in Vlak 3 behaal
Ons is baie trots op hierdie leerders wat Framesby se naam tydens die byeenkoms hoog gehou het.




Landloopbyeenkoms
10 Februarie 2026
Tyd: 14:30 – 15:00
Plek: Parkeerarea, Die Kosblik
Kom hardloop om die skool!

# MNR & MEJ Framesby

## 10 FEBRUARIE 2026
## 19:00 IN DIE SAAL



**KAARTJIES:**
**R80 BESPREEK**
**R60 ONBESPREEK**

**KAARTJIES BESKIKBAAR**
**BY DIE ALGEMENE KANTOOR**

# MNR & MEJ *Finaliste*



MIEKE FRIER



LINMARI BOTHA



MARI GEISSLER



LEANÉ DU PREEZ



ZANDRI STUMKE



ANIKA JOHNSTONE



ZIA FERREIRA



MÉ-JEAN DU PREEZ



EMMA OLIVIER



ANESKA FERREIRA



GRACE GREEFF



ANNEKE GROBLER

# MNR & MEJ
## Finaliste



JANCO FABER



DANIEL STOFBERG



CONNOR BEER



WIAN HOLTZHAUSEN



JACO STRYDOM



LUHANN SPRONG



JOHNETON VAN ROOYEN



AIDAN WEYERS



CHALES BLIGNAUT



NICO BARKHUYSEN



DYLAN GROBLER




OWEN WESSELSS


JOU STEM.
JOU BOEKE.
JOU MEDIASENTRUM!
Is daar 'n boek wat jy baie graag wil lees, maar dit is nie in in die mediasentrum beskikbaar nie?
Ons wil dit weet!
Skryf jou boekvoorstelle neer in die voorstelleboek by die Mediasentrum.
Jou voorstel kan dalk aangekoop word en deel word van ons boekversameling!
Fiksie, niefiksie, romanse, spanning, fantasie – alles is welkom!
Gewilde skrywers? Nuwe reekse? Jou gunsteling TikTok-boek? Skryf dit neer!
Help ons om die mediasentrum 'n plek te maak waar JY wil lees.
Voorstelleboks: Mediasentrum
Pouses en na skool oop vir voorstelle!


MEDIASENTRUM
SOEK!
Het jy dalk tweedehandse A4 plastiese toedruk-koeverte
by die huis wat nog in 'n goeie toestand is?
Wanneer?
Tydens pouses
Na skool
Waar?
By die mediasentrum
Help ons hergebruik en hou ons sentrum netjies en georganiseerd!
Dankie vir jou bydrae


Craftklub
Kreatiwiteit sonder grense
Me B Janse van Rensburg
Woensdae 14:15-15:15 K40
Verbruikersklas


Filantrope
Ons het 'n diensbare hart
Me C Coetzer
Vrydae 14:15-16:00/Soos gereël


Toastmasters
PUBLIC SPEAKING
WHERE LEADERS ARE MADE
Me Y Morgan
Donderdae 14:15-16:15 K6


REDENAARSKLUB
Donderdae 17:30-19:00 Kultuursaal
Jou stem, jou krag
Me I Truter

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *Lede*

## Oudskolier

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek2000)*
Ernst Stapelberg *(matriek2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek1999)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Jonathan Gardiner *(matriek2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek1998)*
Konrad de Villiers *(matriek2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
Anoniem *(matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek2006)*
Marieta Kemp *(matriek 1973)*
Mariette Geldenhuys *(matriek2000)*
Conrad Wagener *(matriek 1995)*
Jannie vd Merwe *(matriek1993)*
Craig Gardiner *(matriek 1995)*
Mark Bradshaw *(matriek 1984)*
Marcel Bradshaw *(matriek1983)*
Riette Gerber *(matriek 2006)*
Dion Rademeyer *(matriek 1983)*
Elmarie Loftie-Eaton *(matriek 2003)*
Pieter Coffee *(matriek 1995)*
Craig Gardner (matriek 1995)
Hester Geissler *(matriek 1995)*
Eugene Nolan *(matriek 2007)*

## Ouers, Oudouers / Beheerliggaam

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)
SP Engelbrecht (ouer)
Dian Jordan Du Preez (ondersteuner)
Riekie de Beer (ouer)
Bertie Geissler (ouer)
Eben Gerber (ondersteuner)


## Personeel / Oudpersoneel

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 barometer



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

*Beste Oudskolier. Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos.*

NAAM EN VAN :
NOOIENSVAN:
ID-NOMMER:
JAARTAL GEMATRIKULEER:
ADRES:
PROVINSIE:
BEROEP:
TELEFOON:
SELFOONNOMMER:
E-POSADRES:

***U inligting bly hoogs vertroulik.***

**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons stelsel stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy jou in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak! 'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige Trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursigtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn. Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.



# Hoërskool Framesby

# Krieketakademie

IN SAMEWERKING MET YOUTH RISERS KRIEKETAKADEMIE

YOUNG RISERS
KRIEKETAKADEMIE

0.9 EN 0.10
ELKE MAANDAGMIDDAG
17:00 - 18:00
VANAF 2 FEBRUARIE 2026

0.11 - 0.13
ELKE DINSDAGMIDDAG
17:00 - 18:00
VANAF 3 FEBRUARIE 2026

EINDIG 23 EN 24 MAART 2026

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:

https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigter



AUBREY FERREIRA




# Hoërskool Framesby
# Rugbyakademie

IN SAMEWERKING MET LINE BREAK RUGBY DEVELOPMENT

KOSTES R450 VIR 6 SESSIES OF
R150 PER SESSIE

OUDERDOMSGROEPE: 0.10/ 0.11 / 0.12/ 0.13

16,23,30 JANUARIE EN
6,13,20 FEBRUARIE

TYD 14:45-15:45

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:

https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigters




RENIER DE VILLIERS




ANRICH ALBERTS





JOHAN MEYER

Twizza

IZULU.

PLATŌ
COFFEE SCULPTED
COMMUNITY INCLUDED



# Hoërskool Framesby
# Netbalakademie

**R80 PER SESSIE**

JANUARIE 2026:
14/16/30
FEBRUARIE 2026:
4/11/18/20
MAART:
4/11/13/18/25/27

14:30 - 15:30

NAVRAE:
0.7 - 0.10
JOHANN: 081 852 2584
0.11 - 0.13
CHARMAINE 079 885 5416

FOKUSPUNTE:
BASIESE VAARDIGHEDE
VERDEDIGING
VOETWERK
AANVAL
DOELWERK

SKRYF IN DEUR DIE SKAKEL TE VOLG:
https://forms.gle/CKS7Q7tZTkdeiWhA6


## Afrigters



JOHANN VAN DER WALT



CHARMAINE BEETGE



# Hoërskool Framesby

# Hokkieakademie

**Maandae**

17:30-18:30

GRAAD 1-7

R100 PER SESSIE

- 10 FEBRUARIE
- 17 FEBRUARIE
- 24 FEBRUARIE
- 03 MAART
- 10 MAART
- 17 MAART

SKANDEER DIE QR-KODE OM TE REGISTREER

DIE KLINIEK WORD AANGEBIED DEUR 'N HUIDIGE NASIONALE MEESTERS- AFRIGTER, HUIDIGE PROVINSIALE AFRIGTERS EN OUD-NASIONALE SPELERS

## Afrigters



CHANELLE VAN ZYL



JORDAN DRURY



JESSY COLTMAN

VIR MEER INLIGTING KONTAK JORDAN DRURY

082 887 53 33